Afrikaans

Wiskunde

Mathematics

2

Kwartaal 1 | Term 1



Onderwyser | Teacher: .....

Bala Wande
Calculating with Confidence

2

Kwartaal 1 | Term 1

Wiskunde
Mathematics

Onderwysersgids
Teacher's Guide

Afrikaans | English

Die ontwikkeling van hierdie werkboek is met die medewerking van die *Bala Wanda–Magic Classroom Collective*-span moontlik gemaak, in oorleg met 'n verwysingspan wat saamgestel is uit individue van etlike universiteite, wiskunde-NRO's en die Departement van Basiese Onderwys. Hierdie materiaal is gebaseer op die werk van die DBO-werkboeke en bestaande iterasies van lesplanne (GPLMS, Jika iMfundo, NECT en TMU). Die Bala Wande-bokse met manipuleerbare items is in oorleg met Jade Education ontwerp. Dié bokse voorsien hoëgehalte-materiaal wat 'n integrerende deel van die onderrig-en-leerprogram uitmaak.

The development of this workbook was carried out by the collaborative *Bala Wande–Magic Classroom Collective team* in consultation with a reference team made up of individuals from several universities, mathematics NGOs and the Department of Basic Education. These materials draw on the DBE workbooks and existing iterations of lesson plans (GPLMS, Jika iMfundo, NECT and TMU). The Bala Wande manipulative boxes were designed in consultation with Jade Education. The boxes provide high quality materials which are an integral part of the teaching and learning programme.

Artists: Mary-Anne Hampton and Angie Bowring

www.fundawande.org
ISBN: 9781991225498
Version 3: 2026

Anyone is free to **share** (copy and redistribute the material in any medium or format) or **adapt** (remix, transform and build on the material for any purpose), provided that you credit the work as follows:
Bala Wande, Wiskunde-onderwysersgids, Graad 2, Kwartaal 1, CC BY 4.0.
You may not add terms or measures that legally restrict others from doing anything the licence permits.
For more information: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

INHOUD | CONTENTS

DIE BALA WANDE-WISKUNDEPROGRAM VIR DIE GRONDSLAGFASE **2**
THE BALA WANDE FOUNDATION PHASE MATHEMATICS PROGRAMME **3**

1 **WELKOM BY GRAAD 2!** **2**
WELCOME TO GRADE 2! **3**

2 **BALA WANDE-LEERDER-EN-ONDERWYSER-ONDERSTEUNINGSMATERIAAL** **4**
BALA WANDE LEARNER AND TEACHER SUPPORT MATERIALS **5**

KONTROLELYS: Plakkate 6
CHECKLIST: Posters 6

KONTROLELYS: Manipuleerbare voorwerpe vir onderwysers en leerders 7
CHECKLIST: Teacher and learner manipulatives 7

3 **HOE OM DIE BALA WANDE-WISKUNDEPROGRAM TE GEBRUIK** **8**
USING THE BALA WANDE MATHEMATICS PROGRAMME **9**

Berei vir elke week voor. 8
Prepare for each week 9

Wat die onderwyser moet doen om vir elke week voor te berei 10
What teachers need to do to prepare for each week 11

Elke dag 10
Each day 11

4 **KWARTAALPLAN** **16**
TERM PLAN **17**

WEEK 1 • HERSIENING WEEK 1 • REVISION **20**

DAG 1 • DAY 1 **Stel getalle voor** Representation of numbers 24
DAG 2 • DAY 2 **Getallelyne** Number lines 29
DAG 3 • DAY 3 **Van die kleinste tot die grootste** Smallest to biggest 32
DAG 4 • DAY 4 **Halwe/die helfte** Half 35
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation 38

WEEK 2 • TEL IN 2'S, 3'S, 4'S EN 5'E WEEK 2 • COUNTING IN 2S, 3S, 4S AND 5S **40**

DAG 1 • DAY 1 **Verdubbel** Double 44
DAG 2 • DAY 2 **Tel in 3's** Counting in 3s 49
DAG 3 • DAY 3 **Tel in 4's** Counting in 4s 52
DAG 4 • DAY 4 **Tel in 5'e** Counting in 5s 55
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation 58

WEEK 3 • BREEK 6'E, 7'S, 8'S EN 9'S AF
WEEK 3 • BREAKING DOWN 6S, 7S, 8S AND 9S **60**

DAG 1 • DAY 1 **Breek 6 af** Breaking down 6 64
DAG 2 • DAY 2 **Breek 7 af** Breaking down 7 69
DAG 3 • DAY 3 **Breek 8 af** Breaking down 8 72
DAG 4 • DAY 4 **Breek 9 af** Breaking down 9 75
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation 78

WEEK 4 • KOM BY 10 UIT WEEK 4 • GETTING TO 10 ..... **80**

DAG 1 • DAY 1 **Breek 10 af** Breaking down 10 84
DAG 2 • DAY 2 **Soek na die 10'e** Find the 10s 89
DAG 3 • DAY 3 **Die volgende 10** Next 10 92
DAG 4 • DAY 4 **Die vorige 10** Previous 10 95
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation 98

WEEK 5 • BESOEK DIE 10 WEEK 5 • VISITING THE 10 ..... **100**

DAG 1 • DAY 1 **Maak 'n 10 (optelling)** Make a 10 (addition) 104
DAG 2 • DAY 2 **Spring aan tot by 10** Jump forwards to 10 109
DAG 3 • DAY 3 **Kom by 10 uit (aftrekking)** Get to 10 (subtraction) 112
DAG 4 • DAY 4 **Spring terug na 10** Jump backwards to 10 115
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation 118

WEEK 6 • LENGTE WEEK • 6 LENGTH ... **120**

DAG 1 • DAY 1 **Lengte** Length ... 124
DAG 2 • DAY 2 **Meet die lengte** Measuring length ... 129
DAG 3 • DAY 3 **Meet die lengte** Measuring length ... 132
DAG 4 • DAY 4 **Meter en sentimeter** Metres and centimetres ... 135
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation ... 138

WEEK 7 • RUIMTE EN VORM WEEK 7 • SPACE AND SHAPE ... **140**

DAG 1 • DAY 1 **3D voorwerpe** 3-D objects ... 144
DAG 2 • DAY 2 **3D voorwerpe** 3-D objects ... 149
DAG 3 • DAY 3 **Bou met 3D voorwerpe** Building with 3-D objects ... 152
DAG 4 • DAY 4 **Posisie en sienings** Position and views ... 155
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation ... 158

WEEK 8 • VERDUBBELING EN HALVERING WEEK 8 • DOUBLE AND HALF ... **160**

DAG 1 • DAY 1 **Verdubbeling beteken twee ewe groot groepe** Double is two equal groups ... 164
DAG 2 • DAY 2 **Verdubbel groter getalle** Doubling bigger numbers ... 169
DAG 3 • DAY 3 **Halveer** Halving ... 172
DAG 4 • DAY 4 **Halveer met 'n res** Half with a remainder ... 175
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation ... 178

WEEK 9 • VERMENIGVULDIGING GAAN OOR EWE GROOT (GELYKE) GROEPE
WEEK 9 • MULTIPLICATION IS ABOUT EQUAL GROUPS ... **180**

DAG 1 • DAY 1 **Vermenigvuldig met 2** Multiplying by 2 ... 184
DAG 2 • DAY 2 **Vermenigvuldig met 10** Multiplying by 10 ... 189
DAG 3 • DAY 3 **Vermenigvuldig met 5** Multiplying by 5 ... 192
DAG 4 • DAY 4 **Los geldprobleme op** Solving money problems ... 195
DAG 5 • DAY 5 **Assessering en vaslegging** Assessment and consolidation ... 198

WEEK 10 • HERSIENING WEEK • 10 REVISION ... **200**

DAG 1 • DAY 1 **Optelling en aftrekking** Addition and subtraction ... 204
DAG 2 • DAY 2 **Ordening van getalle en halvering** Ordering numbers and halving ... 208
DAG 3 • DAY 3 **Optelling en aftrekking** Addition and subtraction ... 210
DAG 4 • DAY 4 **Verdubbeling en vermenigvuldiging met 2**
Doubling and multiplication by 2 ... 212
DAG 5 • DAY 5 **Vermenigvuldiging met 5 en met 10** Multiply by 5 and 10 ... 214

KWARTAAL 1-ASSESSERING TERM 1 ASSESSMENT ... **216**

Die Bala Wande-wiskundeprogram vir die Grondslagfase

Funda Wande is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat ten doel het om te verseker dat alle leerders in Suid-Afrika teen 10-jarige ouderdom met begrip in hul huistaal kan lees. Bala Wande is die wiskundeprogram wat hiermee gepaard gaan, met die oogmerk om te verseker dat daar in die vroeë laerskooljare 'n effektiewe grondslag in wiskunde by alle leerders in Suid-Afrika gelê word.

Die Bala Wande-wiskundeprogram is 'n dag-tot-dag-handleiding oor wiskundeonderrig wat die leerders in staat stel om hul begrip van wiskunde uit te bou en berekeninge met selfvertroue te doen. Dit is spesifiek vir die Suid-Afrikaanse kurrikulum ontwikkel en voldoen aan die KABV. Die inhoud, tydstoekenning en assessering vir leer is alles op die KABV gebaseer.

Die Bala Wande-kursusmateriaal omvat 'n Onderwysersgids, 'n Leerderaktiwiteitsboek en manipuleerbare items vir beide onderwyser en leerders (sien bladsy 6 & 7).

1. Welkom by Graad 2!



Ons doel is dat die leerders goeie gewoontes moet aankweek terwyl hulle wiskunde doen. Hulle moet dus daarop gewys word dat hulle aandagtig moet kyk na dit wat hulle veronderstel is om te doen. Wanneer jy elke dag die selfstandige klaswerk bekendstel, moet jy die leerders help om hierdie gewoontes aan te leer.

Gewoonte 1: Ons kyk self. Wat sien ek? Wat moet ek doen?
Gewoonte 2: Ons teken prente. Wat kan ek teken wat my sal help om die probleem op te los?
Gewoonte 3: Ons gesels hardop oor wiskunde.

Dit is hierdie jaar ons grootste oogmerk om die kinders aan te moedig om hardop oor wiskunde te gesels. Jy moet elke dag daarop ingestel wees om soveel moontlik leerders by die aktiewe heleklasbesprekings te betrek. Loop in die klas rond en fasiliteer die selfstandige klaswerk – vra deurtastende vrae om uit te vind of die leerders dit waarmee hulle besig is, verstaan. Luister na die vrae wat hulle vra en reageer so duidelik moontlik op dit wat hulle gevra het.

Wees op die uitkyk na leerders wat sukkel met dinge soos 'n basiese getalbegrip. As daar kinders is wat oënskynlik nie basiese getalle van 0 tot 10 verstaan nie, gee ekstra aktiwiteite aan hulle om met getalle in hierdie getalgebied te werk. Hou aan om vir hulle vrae oor getalle en getalkombinasies in hierdie getalgebied te vra totdat jy sien dat hulle met selfvertroue met die getalle 0 tot 10 kan werk.

Die Bala Wande-materiaal is alles tweetalig. Dit is om die ontwikkeling van wiskundetaal in sowel Afrikaans as Engels te ondersteun. Dit bied ondersteuning vir jou om op 'n natuurlike wyse van een taal na 'n ander oor te skakel wanneer daar oor wiskunde gesels word. Die Bala Wande-woordeboek sal jou help om meer as een taal te gebruik om wiskundeterme te verduidelik, indien nodig.

Talle Suid-Afrikaanse wiskunde-onderwysers maak reeds van kode- of taalwisseling gebruik om hul leerders te help om wiskundebegrippe en -terme te verstaan. Taalwisseling stel die onderwysers en leerders in staat om al hul taalvaardighede in te span om te leer in plaas daarvan om tot slegs een taal beperk te wees. Hierdie praktyk word internasionaal beoefen en staan ook as 'translanguaging' bekend.

In die Grondslagfase gaan die onderrig van wiskunde en die onderrig van taal hand aan hand. Die Bala Wande-program is sodanig beplan dat dit jou met hierdie onderrig bystaan.

The Bala Wande Foundation Phase mathematics programme

Funda Wande is a not-for-profit organisation that aims to ensure that all learners in South Africa can read for meaning and calculate with confidence in their home language by the age of 10. Bala Wande is the accompanying mathematics programme that aims to ensure that all learners in South Africa get an effective grounding in mathematics in the early primary school years.

The Bala Wande mathematics programme provides a day-by-day guide on how to teach mathematics so that learners will develop their mathematical understanding and begin to calculate with confidence. The programme was developed specifically for the South African curriculum and is CAPS-compliant. The content, time allocation and assessment for learning all are based on the CAPS.

The Bala Wande course materials comprise a Teacher Guide, a Learner Activity Book and manipulatives for both teacher and learners (see pages 6 & 7).

1. Welcome to Grade 2!



We would like learners to establish good habits while doing maths right from the start. Talk to them about looking carefully at what they are supposed to do. Each day when you introduce the independent classwork, help learners develop these habits:

Habit 1: We look for ourselves. What do I see? What must I do?
Habit 2: We draw pictures. What can I draw to help me solve the problem?
Habit 3: We talk out loud about maths.

Our biggest goal this year is to encourage learners to start to talk out loud about maths. Aim to involve as many learners as possible in the active whole class discussions. Walk around and facilitate the independent classwork – ask probing questions to find out if learners understand what they are doing. Listen to the questions they ask and respond as clearly as possible.

Keep your eye out for learners who are struggling with things such as basic number concept. If there are learners who do not seem to understand basic numbers from 0 to 10, give them extra activities to work with numbers in this range. Keep asking them questions about numbers and number bonds in this range until you see that they are able to work confidently with the numbers 0 to 10.

The Bala Wande material is all bilingual. It supports the development of mathematics language in both Afrikaans and English by moving naturally between languages when speaking about mathematics. The Bala Wande dictionary will help teachers use more than one language to explain mathematical words if necessary.

Many South African mathematics teachers already code-switch to help their learners understand mathematical concepts and terms. Code-switching allows teachers and learners to draw on all of their language skills to learn, rather than to be limited by one language only. This practice is used internationally and is also called ‘translanguaging’.

In the Foundation Phase, teaching mathematics and teaching language go together. The Bala Wande programme has been planned to support you in this teaching.

2. Bala Wande-leerder-en-onderwyser-ondersteuningsmateriaal

Bala Wande-onderwysersgids

- 'n oorsig van die begrippe wat elke week onderrig moet word
- die hoofrekene wat vir elke dag beplan is (dag 1–4)
- kernkonsep-onderrigaktiwiteite wat deur plakkate en manipuleerbare items uit die boks ondersteun word (dag 1–4)
- kopieë van bladsye uit die Bala Wande-leerderaktiwiteitsboek vir die dag (wat in volgorde in die Onderwysersgids opgeneem is), met oplossings en notas aan onderwysers
- assessering vir leer (dag 5 vir week 2–8)
- vaslegging (dag 5 vir week 1–10)





Bala Wande-leerderaktiwiteitsboek

- daaglikse aktiwiteite wat met die lesaktiwiteite ooreenstem
- daaglikse aktiwiteite waaraan die leerders selfstandig of in groepe kan werk
- speletjies wat met die lesaktiwiteite verband hou



Tweetalige woordeboek

- 'n tweetalige woordeboek wat wiskundeterme met verduidelikings en voorbeelde vir die Grondslagfase bevat



Video's

- lesvideo's waarin klaskameropnames van onderwysers, wat van die beplande lesse implementeer, vertoon word
- opleidingsvideo's voorsien klaskameropnames, tesame met animasies, wat goeie metodologieë vir die onderrig van wiskunde in die Grondslagfase beklemtoon en voorhou



Plakkate

- 'n kalender
- 'n tienraam-klasregister
- plakkate wat met die lesplanne verband hou



Manipuleerbare items vir onderwysers en leerders

'n verskeidenheid manipuleerbare items vir onderwysers en leerders om in die klaskamer te gebruik



Assesseringshulpmiddels

- 'n assesseringskwartaalplan
- mondelinge en praktiese aktiwiteite met rubrieke/ kontrolelyste (2 per kwartaal)
- take en aktiwiteite vir beplande assessering op dag 5 van elke week (week 2–8: sien die agterblaaie van hierdie gids)
- SR-kodeskakel na puntestaattemplate





2. Bala Wande learner and teacher support materials

Bala Wande Teacher Guide

- overview of the concepts to be taught each week
- Mental Maths activities for every day (Days 1–4)
- core concept teaching activities supported by posters and manipulatives (Days 1–4)
- copies of the Bala Wande Learner Activity Book pages for the day (embedded in sequence in the Teacher Guide) with solutions and teacher notes
- assessment for learning (Day 5, Weeks 2–8)
- consolidation (Day 5, Weeks 1–10)





Bala Wande Learner Activity Book

- daily activities that align with the lesson activities
- daily activities for learners to work on independently or in groups
- games aligned with the lesson activities



Bilingual dictionary

- a bilingual dictionary of Foundation Phase mathematical terms with explanations and examples



Videos

- lesson videos showing classroom footage of teachers implementing some of the planned lessons
- training videos that provide classroom footage combined with animations that highlight and exemplify good methodologies for the teaching of mathematics in the Foundation Phase



Posters

- a calendar
- a ten frame class register
- posters aligned to the lesson plans



Manipulatives for the teacher and learners

- a variety of manipulatives for teachers and learners to use in the classroom



Tools for assessment

- assessment plan for each term
- oral and practical activities with rubrics/checklists (2 per term)
- planned assessment tasks and activities for the 5th day of each week (Weeks 2–8: see back pages of this guide)
- QR code link to mark sheet templates



Use this QR code to download mark sheets for the assessment activities.

Funda Wande mark sheet

Kontrolelys • Checklist

Plakkate • Posters

Kalender
Calendar



Klasregister
Class register



100-blok
100 square



Getalname 0–19
Number names 0–19



Getalname 10–100
Number names 10–100



Getalname 100–1000
Number names 100–1000



Dae van die week
Days of the week



Maande van die jaar
Months of the year



Speelgeld
Money



2D vorms
2-D shapes



3D voorwerpe
3-D objects



Breukemure
Fraction walls



Getallelyn 0–20 (leeg)
Number line 0–20 (blank)



Getallelyn 0–20
Number line 0–20



Manipuleerbare voorwerpe vir onderwyser en leerder • Teacher and learner manipulatives

Getalkaarte 0–1000 (onderwyser)
Number cards 0–1000 (teacher)
Getalkaarte 0–20 (leerder)
Number cards 0–20 (learner)



Kolkaarte 0–10 (demonstrasiegrootte)
Dot cards 0–10 (demo size)



Spreikaarte 0–1000 (onderwyser en leerder)
Flard cards 0–1000 (teacher and learner)



Multifix-blokkies (onderwyser en leerder)
Multifix blocks (teacher and learner)



Basis tien-blokkies – 100'e, 10'e, 1'e (demonstrasie, magneties)
Base ten blocks – 100s, 10s, 1s (demo, magnetic)



Basis tien-blokkies – 100'e, 10'e, 1'e (leerdersgrootte)
Base ten blocks – 100s, 10s, 1s (learner size)



Klein 24-uur-horlosie (onderwyser en leerder)
24-hour small clock (teacher and learner)



3D voorwerpnette (onderwyser, demonstrasiegrootte)
3-D object nets (teacher demo)



2 dobbelstene per leerder
2 dice per learner



1 maatband (om te deel)
1 tape measure (to share)



3. Hoe om die Bala Wande-wiskundeprogram te gebruik

Berei vir elke week voor

Maak gebruik van die oorsig op die eerste bladsy om vir die week voor te berei.



'n Bondige oorsig van die hoofrekene en lesaktiwiteite vir die week asook die hulpbronne wat jy byderhand moet hou

'n Lys doelwitte vir die week wat jy kan gebruik om te kontroleer of jou klas steeds op koers is

'n Beskrywing van die assesseringsaktiwiteit wat op dag 5 van die week gedoen word

Daar is meer besonderhede oor die week se aktiwiteite op die tweede bladsy.



'n Beskrywing van hoe die hoofrekene-aktiwiteite met verloop van die week vorder en 'n herinnering aan die speletjiesvideo

'n Beskrywing van die sleutelbegrippe wat jy gedurende die week moet onderrig. Notas oor die woordeskat wat hierdie week beklemtoon moet word. As daar 'n video bestaan wat hierdie sleutelbegrippe ondersteun, word die SR-kode ('QR code') aan die regterkant voorsien

'n Lys kwessies waarop die onderwysers bedag moet wees, soos foute wat die leerders dikwels begaan, belangrike idees om te beklemtoon, en sleutelwoordeskat vir die week.

3. Using the Bala Wande mathematics programme

Prepare for each week



Use the overview on the first page to prepare for the week.

A quick overview of the Mental Maths and lesson activities for the week and the resources teachers will need

A list of aims for the week that can be used to check whether your class is on track

A description of the assessment activity which is done on Day 5 of the week



The second page provides more details about the week's activities.

A description of the Mental Maths and game for the week. If there is a video that supports these activities the QR codes are provided

A description of the key concepts to be taught over the week. Notes about the vocabulary to emphasise this week. If there is a video that supports these key concepts the QR codes are provided

A list of things teachers must watch out for such as mistakes learners often make, important ideas to emphasise and key vocabulary for the week.

Wat die onderwyser moet doen om vir elke week voor te berei

- Lees die Onderwysersgids en berei vir die week asook vir elke les voor. (Kyk na die video's as dit relevant is.)
- Nadat jy die les gegee het, moet jy besin oor hoe dit gegaan het. Maak aantekeninge oor jou idees rakende wat jy anders sou doen indien jy die les weer moes aanbied.
- Jy moet gedurende week 2 tot 8 vir die assesseringsaktiwiteit van die week voorberei. Dit is in die besonder belangrik dat jy, tydens die weke waarin daar 'n mondelinge en praktiese assessering plaasvind, moet beplan hoe jy elke leerder se vordering in die loop van die week met behulp van die rubriek sal kan aanteken.

Elke dag

Gebruik die register om die leerders in die klas te tel



Die Bala Wande-program het 'n spesiale klasregisterplakkaat ontwerp. Elke leerder moet hulself elke dag afmerk deur 'n kol of hul voorletters op die register in te vul. Maak seker dat die leerders die tienrame opeenvolgend op die register invul.

Aan die begin van die wiskundeklas tel jy die aantal leerders wat aanwesig is, byvoorbeeld: "Tien; twintig; dertig; veertig; vier. Vier en veertig leerders is vandag teenwoordig."

Hierdie aktiwiteit, wat daagliks herhaal word, versterk die idee dat die groepering en telling in tiene doeltreffend is en voorkom dat die leerders in ene tel.

Bespreek vandag se datum met die leerders deur die kalender te gebruik



Gebruik die kalender om elke dag die jaar, maand, dag en datum saam met die klas te identifiseer. Merk die datum op die muurkalender af. Neem kennis van enige verjaarsdae. Dit maak op elke dag van die jaar deel van die onderrig van tyd uit.

Verrykingsaktiwiteite

Daar word elke dag, van dag 1 tot 4, verrykingsaktiwiteite voorsien. Skryf hierdie aktiwiteite aan die einde van 'n les op die bord neer vir die leerders wat die klaswerk-aktiwiteite vinniger voltooi.



Kom ons praat wiskunde

'n Spesiale kenmerk van die graad 2-LAB is dat daar elke week op dag 5 'n taalkomponent aan die les verbonde is. Dit gee jou geleentheid om wiskunde in Engels en in Afrikaans te praat en sleutelfrases en -woorde wat tydens die week geleer is, te hersien.



What teachers need to do to prepare for each week

- Read the guide and prepare for the week and for each lesson (watch the videos if relevant).
- After teaching the lesson, reflect on how it went. Make notes on what went well and what to do differently next time.
- In Weeks 2–8, prepare for the assessment activity of the week. In the weeks in which there is an oral and practical assessment, teachers need to plan how to record each learner's progress using the rubric or checklist over the course of the week.

Each day

Use the register to count the learners in the class

The Bala Wande programme has created a special class register poster. Every day, each learner will mark themselves by putting a dot or their initials on the register. Ensure that the learners fill the ten frames on the register in order.

At the start of the maths class, use the register to count the number of learners present. For example, "Ten, twenty, thirty, forty, four. Forty-four learners are present today."

This repeated daily activity reinforces the idea that grouping and counting in tens is efficient and steers learners away from counting in ones.





Discuss the date with learners using the calendar

Use the calendar to identify the year, month, day and date with the class each day. Mark the date on the wall calendar. Note any birthdays. This forms part of the teaching of time every day of the year.

Enrichment activities

There are enrichment activities provided for Days 1–4. Write these activities on the board at the end of a lesson for learners who finish the classwork activities more quickly.



Let's talk Maths!

A special feature of the Grade 2 LAB is that on Day 5 every week, there is a language component to the lesson. This gives you an opportunity to speak maths in English and Afrikaans and revise key phrases and words learned over the week.



Gebruik die vloeidiagram om die opeenvolging van aktiwiteite vir die dag te beskou

Daar word met die aanvang van elke dag 'n vloeidiagram voorsien waarop die opeenvolging van aktiwiteite vir die dag opgesom word.



Doen die hoofrekene-aktiwiteit (15 minute)

Hoofrekene is 'n belangrike komponent van elke les. Ons gebruik die hoofrekene-aktiwiteite om te verseker dat die leerders gemaklik met die basiese feite omgaan. Daar is video's waarin getoon word hoe die hoofrekene-aktiwiteite in die klaskamer gedoen word, en 'n beskrywing van die hoofrekene-aktiwiteite word in die oorsig vir die week gegee. Daar word elke dag 'n fotografiese herinnering aan die hoofrekene-aktiwiteit vir die dag in die Onderwysersgids voorsien.



Doen die konsepontwikkelings-aktiwiteit (30 minute)

Konsepontwikkeling vind plaas wanneer die leerders as 'n klas saamwerk om die sleutelwiskundebegrip van die dag te bespreek voordat hulle in kleiner groepe verdeel word of individueel begin werk. Daar bestaan enkele video's waarop die konsepontwikkelingsaktiwiteite in aksie in die klaskamer vertoon word, en daar word 'n beskrywing van die aktiwiteite in die oorsig vir die week gegee. Daar is 'n daaglikse fotografiese sekwensie om die konsepontwikkelingsaktiwiteite in die Onderwysersgids te demonstreer.



Speel die speletjie (15 minute)

Speletjies help die leerders om vaardighede outomaties aan te leer en dit te geniet terwyl hulle dit doen. Ons span weekliks speletjies in om belangrike basiese begrippe en vaardighede wat die leerders moet ken, te onderrig en vas te lê.

Die speletjies kom in tekenprentformaat in die LAB voor. Die stappe waarvolgens die speletjie gespeel moet word, word voorsien asook 'n illustrasie om die leerders te help om die stappe te volg.



Use the flow diagram to see the sequence of activities for the day

At the start of each day, there is a flow diagram which summarises the sequence of activities for the day.



Do the Mental Maths activity (15 minutes)

Mental Maths is an important component of every lesson. We use the Mental Maths activities to ensure that learners become fluent in the basic facts. There are some videos showing the Mental Maths activities in action in the classroom and there is a description of the Mental Maths activity in the overview for the week. At the start of each week, there is a photographic sequence that illustrates the Mental Maths activity that must be done every day of the week.



Do the Concept Development (30 minutes)

Concept development is when the learners work together as a class to discuss the key mathematical concept of the day, before they break into smaller groups or work individually. There are some videos showing the concept development activities in action in the classroom and there is a description of the activities in the overview for the week. In the Teacher Guide, there is a daily photographic sequence to demonstrate the concept development activities.



Play the game (15 minutes)

Games help learners automatise skills and enjoy themselves while they do it. We use weekly games to teach and consolidate important basic concepts and skills learners need to know.

The games appear in the LAB in cartoon format. Steps for how to play the game are provided and an illustration to help learners follow the steps is also given.



Die Bala Wande-leerderaktiwiteitsboek is in die Onderwysersgids opgeneem

Oplossings word voorsien om die onderwyser te ondersteun. Op sommige bladsye is daar kort opmerkings (in Engels) vir bykomende leiding geskryf.

Die groen merker dui aan dat dit 'n werkkaart is.

Al die instruksies en inligting word in Afrikaans gegee, met die Engelse vertaling daar onder.

Die aktiwiteite lyk presies soos die leerders dit in hul boeke sal sien. Hier word byvoorbeeld 'n tekenprent gegee van 'n speletjie wat die leerders kan speel. Wanneer 'n nuwe speletjie aan die leerders bekendgestel word, is dit die beste om die speletjie eers aan die hele klas te demonstreer voordat die leerders dit in pare of groepe speel.

Die leerderswerkkaarte bevat 'n uitgewerkte voorbeeld (deur die grys agtergrond en rooi potlood aangedui).



Wat jy moet doen om voorbereiding vir elke week te doen:

- lees die Onderwysersgids en doen jou voorbereiding vir elke les en vir die week.
- kyk na die video's. Hierdie video's wys opnames wat in werklike klaskamers gemaak is, waarin die lesaktiwiteite op die proef gestel word en die onderwysers wat dit onderrig, insigte en raad gee.

Nadat jy die les gegee het, moet jy besin oor hoe dit verloop het. Maak notas oor jou idees rakende wat jy anders sou doen indien jy die les weer moes aanbied.

Jy moet gedurende week 2 tot 8 vir die assesseringsaktiwiteit van die week voorberei. Dit is in die besonder belangrik dat jy, tydens die weke waarin daar mondelinge en praktiese assessering plaasvind, moet beplan hoe jy elke leerder se progressie in die loop van die week met behulp van die rubriek of kontrolelys kan rekordeer.

The Bala Wande Learner Activity Book pages are embedded in the Teacher Guide

Solutions are provided to support the teacher. On some pages, short comments are written (in English) for additional guidance.

The green tag indicates that this is a worksheet.

All instructions and information are given in Afrikaans with an English translation below.

The activities are exactly as the learners will see them in their books. Here, for example, we have a cartoon of a game that the learners will play. In introducing a new game to the learners, it is best to demonstrate the game to the whole class before letting them play in pairs or groups.

Learner worksheets have a worked example (indicated by the grey background and the red pencil).



To do to prepare for each week, you need to:

- read the *Teacher Guide* and prepare for the week and for each lesson.
- watch the videos – these show clips from real classrooms where the lesson activities have been trialled and the teachers who have taught them provide insights and advice.

After you have taught the lesson, reflect on how it went. Make notes on your ideas for what you would do differently if you taught the lesson again.

In Weeks 2–8 you will need to prepare for the assessment activity of the week. It is particularly important in the weeks in which there is an oral and practical assessment that you plan how you will be able to record each learner's progress using the rubric or checklist over the course of the week.

4. Kwartaalplan

	Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	Dag 5
Week 1 Hersiening	Stel getalle voor	Getallelyne	Van die kleinste tot die grootste	Halwe/die helfte	Assessering en vaslegging
Week 2 Tel in 2's, 3's, 4's en 5'e	Verdubbel	Tel in 3's	Tel in 4's	Tel in 5'e	Assessering en vaslegging
Week 3 Breek 6'e, 7's, 8's en 9's af	Breek 6 af	Breek 7 af	Breek 8 af	Breek 9 af	Assessering en vaslegging
Week 4 Kom by 10 uit	Breek 10 af	Soek na die 10'e	Die volgende 10	Die vorige 10	Assessering en vaslegging
Week 5 Besoek die 10	Maak 'n 10 (optelling)	Spring aan tot by 10	Kom by 10 uit (aftrekking)	Spring terug na 10	Assessering en vaslegging
Week 6 Lengte	Lengte	Meet die lengte	Meet die lengte	Meter en sentimeter	Assessering en vaslegging
Week 7 Ruimte en vorm	3D voorwerpe	3D voorwerpe	Bou met 3D voorwerpe	Posisie en sienings	Assessering en vaslegging
Week 8 Verdubbeling en halvering	Verdubbeling beteken twee ewe groot groepe	Verdubbel groter getalle	Halveer	Halveer met 'n res	Assessering en vaslegging
Week 9 Vermenig-vuldiging gaan oor ewe groot (gelyke) groepe	Vermenig-vuldig met 2	Vermenig-vuldig met 10	Vermenig-vuldig met 5	Los geldprobleme op	Assessering en vaslegging
Week 10 Hersiening	Optelling en aftrekking	Ordening van getalle en halvering	Optelling en aftrekking	Verdubbeling en vermenig-vuldiging met 2	Vermenig-vuldiging met 5 en met 10

Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	Patrone, Funksies en Algebra	Ruimte en Vorm (Geometrie)	Meting	Datahantering

4. Term plan

	Day 1	Day 2	Day 3	Day 4	Day 5
Week 1 Revision	Representation of numbers	Number lines	Smallest to biggest	Half	Assessment and consolidation
Week 2 Counting in 2s, 3s, 4s and 5s	Double	Counting in 3s	Counting in 4s	Counting in 5s	Assessment and consolidation
Week 3 Breaking down 6s, 7s, 8s and 9s.	Breaking down 6	Breaking down 7	Breaking down 8	Breaking down 9	Assessment and consolidation
Week 4 Getting to 10	Breaking down 10	Find the 10s	Next 10	Previous 10	Assessment and consolidation
Week 5 Visiting the 10	Make a 10 (addition)	Jump forwards to 10	Get to 10 (subtraction)	Jump backwards to 10	Assessment and consolidation
Week 6 Length	Length	Measuring length	Measuring length	Metres and centimetres	Assessment and consolidation
Week 7 Space and shape	3-D objects	3-D objects	Building with 3-D objects	Position and views	Assessment and consolidation
Week 8 Double and half	Double is two equal groups	Doubling bigger numbers	Halving	Half with a remainder	Assessment and consolidation
Week 9 Multiplication is about equal groups	Multiplying by 2	Multiplying by 10	Multiplying by 5	Solving money problems	Assessment and consolidation
Week 10 Revision	Addition and subtraction	Ordering numbers and halving	Addition and subtraction	Doubling and multiplication by 2	Multiply by 5 and 10

Numbers, Operations and Relationships	Patterns, Functions and Algebra	Space and Shape (Geometry)	Measurement	Data Handling

Onderwysersnotas

Teacher notes

Onderwysersnotas

Teacher notes

Hersiening

	Hulpbronne
Hoofrekene: Kolkaart-getalkombinasies	kolkaarte
Speletjies: Telling! en Vinnige wiskunde met kaarte – rangskik	potlood en papier











Dag	Lesaktiwiteit	Leshulpbronne
1	Stel getalle voor	LAB, getalkaarte, multifix-blokkies
2	Getallelyne	LAB, getalkaarte
3	Van die kleinste tot die grootste	LAB, getalkaarte, getallelyn (onderwyser)
4	Halwe/die helfte	LAB, brood, amagwinya (of iets soortgelyks), mes
5	Vaslegging en assessering vir leer	LAB

Ná hierdie week behoort die leerder in staat te wees om	✓
te verstaan dat getalle op verskillende maniere voorgestel kan word.	
getalle op 'n getallelyn (0–20) te plaas.	
getalverwantskappe in wiskundetaal te bespreek.	
telgetalle volgens kleiner as of groter as en meer as, minder as en is gelyk aan te rangskik en te vergelyk.	
'n 2D vorm in twee gelyke dele te deel.	

Assessering

Daar vind hierdie week geen formele assessering plaas nie.

Jy moet die leerders in jou klas daagliks waarneem en notas as deel van jou deurlopende informele assessering vir leer maak.

Revision

	Resources
Mental Maths: Dot cards number bonds	dot cards
Games: Tally! and Fast maths with cards - order	pencil and paper











Day	Lesson activity	Lesson resources
1	Representation of numbers	LAB, number cards, multifix blocks
2	Number lines	LAB, number cards
3	Smallest to biggest	LAB, number cards, number line (teacher)
4	Half	LAB, bread, amagwinya (or similar), knife
5	Consolidation and assessment for learning	LAB

After this week the learner should be able to:	✓
understand that numbers can be represented in different ways.	
place numbers on a number line (0–20).	
use mathematical language to discuss number relationships.	
order and compare whole numbers according to smaller than, greater than and more than, less than, is equal to.	
divide a 2-D shape into two equal parts.	

Assessment

There is no formal assessment this week.

You should observe the learners in your class daily and make notes as part of your informal ongoing assessment for learning.

Hersiening

Hoofrekene



Ons konsentreer hierdie week op **getalkombinasies**. Die leerders moet die verskillende kombinasies van kolle wat saam die totale getal op elke kolkaart maak, bespreek. Hierdie hoofrekene-aktiwiteit ontwikkel die subitiseringsvaardigheid – die leerders oefen om 'n totale aantal kolle te herken sonder om dit te tel. Subitisering en getalkombinasies help die leerders om probleme vinnig en doeltreffend op te los.

Speletjie



Ons speel hierdie week twee speletjies: Telling! en Vinnige wiskunde met kaarte – rangskik. Die leerders oefen om groepe van 5 te maak om getalle voor te stel. Dit is belangrik dat jy die leerders moet wys hoe om 'n getal met tellings voor te stel. Jy kan dit ook verbaal verduidelik terwyl jy die leerders wys dat hulle, om 5 voor te stel, 4 reguit strepe en 1 dwarsstreep moet trek. Hulle begin met die getalle 0 tot 10 voordat hulle tot 20 oorgaan. Herinner die leerders daaraan dat twee 5'e 'n 10 maak. Die leerders kan die speletjie teen die einde van die week in pare speel.

Konsepontwikkeling





Ons konsentreer hierdie week daarop om seker te maak dat die leerders gemaklik is met die Graad 1-grondbeginsels. Die lesse vir hierdie week kan gebruik word om die vlak, waarop elke leerder tans werk, te bepaal. Ons konsentreer daarop om:

- te verstaan dat getalle op verskillende maniere voorgestel kan word. Die leerders sien en gesels oor getalle wat met kolle, lewensegte voorwerpe, tellings, multifix-blokkies en getalsimbole voorgestel word.
- getalle op 'n getallelyn (0–20) te plaas. Die leerders moet getalverwantskappe in die korrekte wiskundetaal wat vereis word, bespreek.
- getalle van die grootste tot die kleinste te rangskik. Die leerders rangskik en vergelyk getalle met behulp van toepaslike wiskundewoordeskat.
- 'n 2D vorm in twee gelyke dele te deel. Die leerders moet verstaan dat twee halwes (of helftes) presies dieselfde ding is en dat dit saam 'n hele maak.

Waarna jy hierdie week moet oplet

Welkom by die eerste week van Graad 2! Verwelkom die leerders en begin om hulle in die **daaglikse wiskunderituele** gevestig te kry. Ons hoop dat hulle teen die einde van hierdie week sal begin verstaan dat ons elke dag:

1. hoofrekene doen
2. vinnig 'n speletjie speel
3. nuwe dinge aanleer
4. 2 werkboekbladsye voltooi.

Revision

Mental Maths



This week we focus on **number bonds**. Learners must discuss the different combinations of dots that make up the total number on each card. This Mental Maths activity develops the skill of subitising: learners will practice recognising a total number of dots without counting them. Subitising and bonds help learners to solve problems quickly and efficiently.

Game



This week we play the games Tally! and Fast maths with cards – order. Learners practice making groups of 5 to represent numbers. It is important that you show learners how to represent a number using tallies. You should also explain verbally while you show learners that to represent 5 you use 4 standing lines and 1 line crossing. Start with the numbers 0 to 10, before going up to 20. Remind learners that two 5s make a 10. Learners should play in pairs by the end of the week.

Conceptual development





This week we focus on making sure learners are comfortable with the basics from Grade 1. The lessons this week can be used to determine the level at which each learner is currently working. We will focus on:

- understanding that numbers can be represented in different ways. Learners will see and talk about numbers represented by dots, real life objects, tallies, multifix blocks and number symbols.
- placing numbers on a number line (0–20). Learners will use the correct mathematical language required to discuss number relationships.
- arranging numbers from biggest to smallest. Learners will order and compare numbers, using appropriate mathematical vocabulary.
- dividing a 2-D shape into two equal parts. Learners will understand that two halves are exactly the same, and that together they make a whole.

What to look out for this week

Welcome to the first week of Grade 2! The main goal of this week is welcome learners and begin to settle them into the **daily maths rituals**. By the end of this week, we hope they will begin to understand that every day we:

1. do some Mental Math
2. play a quick game
3. learn some new things
4. complete 2 pages in the workbook.

WEEK 1 • DAG 1

Stel getalle voor

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Praat met behulp van die kolkaarte oor verskillende getalkombinasies.

Use dot cards to talk about different number combinations.

Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.

Remember to check the date and mark the register every day.













Representation of numbers

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 Day 1

Wys hierdie getalle met blokkies.
Make numbers using blocks.

12

5

10

13

4

Wys hierdie getalle met tellings.
Draw numbers using tallies.

6

8

3

9

7

Dag 2 Day 2

Skryf een meer neer.
Write one more.

8

17

4

11

17

Skryf een minder neer.
Write one less.

15

8

10

19

6

Dag 3 Day 3

Omkring die kleinste.
Circle the smallest.

30 20 50

24 29 51

75 57 73

55 51 15

99 100 101

Omkring die grootste.
Circle the biggest.

81 12 50

17 27 7

34 21 86

96 66 26

43 83 51

Dag 4 Day 4

Skryf 'n halwe neer.
Write half.

8

16

4

12

14

Skryf die verdubbeling neer.
Write double.

3

6

10

8

12

WEEK 1 • DAG 1

Stel getalle voor

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT









Moedig die leerders aan om aan 'n verskeidenheid antwoorde op die vrae te dink sodat hulle die verskillende voorstellings van getalle kan sien. Vra baie vrae deur verskillende getalle te gebruik sodat jy geleenthede aan die leerders bied om hul antwoorde gemaklik te gee. Verduidelik die tellingstelsel aan die leerders.

Encourage learners to think of a variety of answers to the questions so that they can see the different representations of numbers. Ask lots of questions using different numbers so that you give opportunities to learners to feel comfortable giving their answers. Explain the tally system to the class.

Representation of numbers

WEEK • WEEK 1

DAG 1 • DAY 1

Stel getalle voor
Representation of numbers

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

Speletjie: Telling
Game: Tally

- Jou onderwyser roep 'n getal tussen 0 en 20 uit.
  Your teacher will call out a number between 0 and 20.
- Wys die getal in die ruimte hieronder met behulp van tellings.
  Use the space below to show the number using tallies.

I	1
II	2
III	3
IIII	4
𝍸	5
𝍸 𝍸	5 + 5 = 10







Vier strepe staan langs mekaar, met een dwarsstreep. Dit gee 5 strepies.
Four lines standing and one line crossing. That is 5 lines.

Teacher calls out 𝍸

7	5	11	9
𝍸 II	𝍸	𝍸 𝍸 I	𝍸 IIII

- Sodra die ruimte vol is, gaan in jou klaswerkboek aan.
  When the space is full, continue using your classwork book.

1 Wys met tellings.
Tally.

15	𝍸 𝍸 𝍸	12	𝍸 𝍸 II	9	𝍸 IIII
14	𝍸 𝍸 IIII	16	𝍸 𝍸 𝍸 I	20	𝍸 𝍸 𝍸 𝍸

2

WEEK 1 • DAG 1

Stel getalle voor

2 Wys die getal met kolle, tellings, simbole en woorde.
Show the number using dots, tallies, symbols and words.

		𝍸 |
		6
		ses six
	OOOOOOOO	𝍸 III
		8
		eight
	OOOOO OOOOO	𝍸 𝍸
		10
		ten
	OOOOOOO	𝍸 II
		7
		seven
	OOOO	IIII
		4
		four

Number lines

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT









Herhaal die stappe hier bo met al die oorblywende getalkaarte. Laat die leerders elke keer die getalle bespreek. Help die leerders om te verbaliseer waar die getalle neergesit moet word deur self die taal van wiskunde korrek as voorbeeld vir hulle te gebruik.

Repeat the steps above with all the remaining number cards, allowing learners opportunities to discuss the numbers each time. Help the learners to verbalise where the numbers should go by modelling the correct use of mathematical language.

WEEK • WEEK 1

DAG 2 • DAY 2

Getallelyne
Number lines

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

1 Vul die ontbrekende getalle in.

Fill in the missing numbers.













Number lines

2 Tel op die getallelyn op.
Add on the number line.



4 + 1 = 5



7 + 1 = 8



3 Trek op die getallelyn af.
Subtract on the number line.



8 – 1 = 7



10 – 1 = 9



4 Skryf een meer neer.
Write one more.

7	8
10	11
19	20

5	6
9	10
0	1

5 Skryf een minder neer.
Write one less.

6	5
20	19
11	10

10	9
18	17
8	7

WEEK 1 • DAG 3

Van die kleinste tot die grootste

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

In watter volgorde moet die leerders staan sodat die getalle van die kleinste tot die grootste gaan?

What order must the learners stand in so that the numbers go from smallest to biggest?



1

Nkazi moet met die getal 4 na links beweeg, dan volg Lwandile met die getal 7, en Khwezi beweeg laastens na regs met die getal 9.

Nkazi must go on the left with the number 4, then Lwandile with the number 7 and Khwezi must be on the right with the number 9.



2

Hoe het julle geweet dat die getalle in daardie volgorde moet wees?

How did you know the numbers must go in that order?



3

Die kleinste getal moet na die linkerkant gaan, terwyl die grootste getal na die regterkant moet gaan.

The smallest number must go on the left and the biggest number must go on the right.

Wat kan jy my nog van die drie getalle vertel?

What can you tell me about the three numbers?



4

4 is 3 minder as 7.

4 is 3 less than 7.

Bespreek verskillende maniere waarop die getalle vergelyk kan word, byvoorbeeld, 7 is groter as 4 maar kleiner as 9. Vra dan die leerders om in pare te werk en beurte te maak om enige 3 kaarte te kies en te verduidelik hoe dit van die kleinste tot die grootste gerangskik moet word.

Discuss different ways of comparing the numbers, for example, 7 is bigger than 4 but smaller than 9. Then ask the learners to work in pairs and take turns to choose 3 cards and explain how to arrange them from smallest to biggest.

Moedig die leerders aan om die getalle te bespreek en te verbaliseer watter getalle groter of kleiner is. Die leerders kan die getallelyn gebruik om hulle te help om oor die getalle te gesels.

Encourage learners to discuss the numbers and to verbalise which numbers are bigger or smaller. Learners can use the number line to help them talk about the numbers.

Smallest to biggest

WEEK • WEEK 1

DAG 3 • DAY 3

Van die kleinste tot die grootste
Smallest to biggest

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

1 Vul die ontbrekende getalle in.
Fill in the missing numbers.



2 Voltooi deur <, > of = te skryf.
Complete by writing <, > or =.

20 > 2	10 > 5
15 > 5	22 > 12
15 < 25	10 = 10

5 > 2
5 is groter as 2.
2 is kleiner as 5.
5 is bigger than 2.
2 is smaller than 5.

2 < 5
2 is kleiner as 5.
5 is groter as 2.
2 is smaller than 5.
5 is bigger than 2.



Die krokodil maak altyd sy bek oop om die grootste getal op te vreet!
The crocodile always opens his mouth to eat the bigger number!

3 Rangskik getalle van die kleinste tot die grootste.
Order numbers from smallest to biggest.

12 2 20 → 2 12 20	8 20 18 → 8 18 20	17 23 13 → 13 17 23

4 Rangskik getalle van die grootste tot die kleinste.
Order numbers from biggest to smallest.

10 19 7 9 → 19 10 9 7	14 26 11 6 → 26 14 11 6	20 14 8 18 → 20 18 14 8

WEEK 1 • DAG 3

Van die kleinste tot die grootste

Speletjie: Vinnige wiskunde met kaarte – rangskik
Game: Fast maths with cards – order

- Skommel die 0–20-kaarte.
  Mix cards from 0 to 20.
- Sit hulle op 'n hopie neer.
  Place in a pile.
- Draai drie kaarte om.
  Flip up three cards.
- Rangskik hulle van die kleinste tot die grootste.
  Order from smallest to biggest.



5

Lulo dra 15 liter water.
Neo dra 12 liter water.
Wie dra meer water?
_____
Hoeveel meer? _____

Lulo carries 15 litres of water.
Neo carries 12 litres of water.
Who carries more water? Lulo
How much more? 3 litres

Die kat weeg 5 kilogram.
Die hondjie weeg 10 kilogram.
Watter dier weeg meer?
_____
Hoeveel meer? _____

The cat weighs 5 kilograms.
The small dog weighs 10 kilograms.
Which animal weighs more? Dog
How much more? 5 kilograms

6 Voltooi die getalpatrone.
Complete the number patterns.

3	4	5	6	7	8
10	9	8	7	6	5
22	21	20	19	18	17

15	16	17	18	19	20
14	13	12	11	10	9
18	19	20	21	22	23

7 Omkring die muntstuk wat meer geld wys.
Circle the coin that shows more money.



Smallest to biggest **Week 1 • Day 3** 7

Half

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT









Moedig die leerders aan om oor halwes en heles te praat. Vra hulle om aan verskillende voorwerpe te dink wat gehalveer kan word. Bespreek die feit dat die twee dele van 'n hele elke keer presies dieselfde is.

Wanneer ons in Afrikaans van halwes praat, gebruik ons die woord "halwe" of "die helfte". Dit beteken dieselfde.

Encourage learners to talk about halves and wholes. Ask them to think of different objects that can be halved, discussing the fact that the two parts of a whole are exactly the same each time.

